

# MOSES

## 'n Opdrag van God

### Ontmoeting 15

Kinders ontdek in hierdie ontmoeting dat God vir almal van ons opdragte in Sy Woord gee.

Teks: Eks 1-3:10

Hulpmiddels:

- 3 - 4 "marshmallows" vir elke kind
- Vurke of sosatiestokkies
- Genoeg kerse sodat die kinders in groepies van 4 die kers kan gebruik
- Kledingstukke of groot lappe om as klere te gebruik
- 2 krone
- 'n Pop
- Die kinders gaan die volgende karakters voorstel: 1 Farao, 'n paar Israëliete, 2 of 3 Egiptiese slawedrywers, 1 of twee meisies wat vroedvroue/verpleegsters is, Jogebed (Moses se Ma), Mirjam (Moses se suster), die prinses en Moses
- Hulpmiddel 1 - Name van die twee stede: Pitom en Ramases
- Prent van diere ("Moses moes leer om te luister"-werksvel)
- Vlamme gekopieer op geel en rooi papier
- 'n Takkie (wat 'n boom kan voorstel) vir elke kind



### WELKOM

Gee vir elke kind 'n paar "marshmallows", 'n sosatiestokkie en 'n kers. Hulle begin deur 'n "marshmallow"-braai te hou.



### WYDING

Temalied: "Ons God is 'n Wonder God" ("Our God is an awesome God") (Flam 85)

Stilword-ritueel:

Staan in 'n kring en hou hande vas.

*Vandag se stilword ritueel kan as volg gedoen word: (Dit verwys terug na die vorige ontmoeting.)*

"Omdat Josef geglo het\*, het hy die slegte dinge\* wat sy broers aan hom gedoen het, vergewe.

Omdat Josef geglo het\*, het hy uitgesien na die nuwe lewe\* wat God beloop het.

Omdat ek in God glo\*, kan ek die mense wat my seermaak, vergewe.

Omdat ek in God glo\*, sien ek uit na die mooi lewe wat God vir my gereedmaak."



### WOORD

Vandag gaan ons hoor van 'n man wie se lewe baie verander het nadat hy iets gesien het wat brand.

Jakob se elf seuns het saam met hom na Egipte gegaan waar Josef was. Ek wonder wie van julle kan onthou hoekom hulle Egipte toe getrek het? (Daar was droogte in Kanaän en Josef was in Egipte). Hulle was altesaam 70 mense. Mettertyd het hulle meer en meer geword. (Hou 'n klompie klere en gekleurde lappe byderhand en trek van die kinders aan soos wat die verhaal volg. Hulle moet dan die verhaal dramatiseer soos dit vertel word.)

Lank nadat Josef dood was, was daar 'n nuwe farao in Egipte. (Sit 'n kroon op die farao se kop.) Die farao was somer baie bekommerd. (Die farao druk sy vinger teen sy slaap en loop heen en weer.) Hy het gesien dat Josef se nageslag\* al hoe meer word. (Nog kinders word soos Israëliete aangetrek.) (\*Maak seker die kinders weet wat is 'n nageslag. 'n Nageslag is al die

*kinders, kleinkinders, agterkleinkinders, ens. van 'n persoon. Jy is deel van jou pa se nageslag.)*

Die nuwe farao het bang geword vir die baie Israëliete. Hoekom? *(Gee die kinders kans om te reageer.)* Hy was bang dat hulle sy land oorneem.

Die farao het 'n plan gehad. *(Farao steek sy vinger in die lug asof hy 'n gedagte kry.)* Hy het die Israëliete sy slawe gemaak en hulle hard laat werk. *(Bind lappe om die kinders se heupe om slawe te wees en drapeer lappe oor die slawedrywers se koppe. Die slawedrywers moet ander aanjaag en die slawe moet goed trek, stoot, dra en bou.)* Wat was die naam van die twee stede wat hulle moes bou? *(Vergroot hulpmiddel 1 sodat die hele groep die simbole kan sien. Laat die farao die letters van die simbole in die betrokke blokkies skryf soos wat die kinders dit ontsyfer totdat hulle die antwoord het.)*

Maar die Israëliete het steeds meer geword en die farao het 'n lelike ding gedoen.

Eks 1:15-16: “Hy dreig die verpleegsters wat die Israëlitiese vrouens moes help as hulle babas kry. *(Bind 'n wit doek om hul koppe om verpleegsters te wees.)* Die koning het hulle geroep. *(Die farao wink hulle nader en maak handbewegings soos wys met vinger, trek vinger oor keel as teken van die babas wat moet doodgemaak word.)* Hy het gesê: “As 'n Israëlitiese vrou 'n baba-tjie kry en dis 'n seuntjie, moet julle hom doodmaak. As dit 'n dogtertjie is, kan julle haar laat lewe.” Die farao was bang dat die seuntjies groot en sterk sou word en teen hom sou veg.

Die vroue het nie na die wrede farao geluister nie. *(Die vroedvroue praat saggies met mekaar en skud hul koppe in 'n “nee” gebaar.)*

Een van die Israëliete het 'n babaseuntjie gekry. *(Moses se ma staan en wieg 'n pop in haar arms.)* Sy het eers probeer om hom weg te steek. Toe hy groter word, het sy 'n ander plan gemaak. Sy sit haar seuntjie in 'n mandjie en laat hom tussen die riete op die Nyl dryf. *(Sy sit hom op die grond neer en Mirjam staan nader.)* Maar die baba se sussie het die mandjie dopgehou om te sien wat met die baba gebeur.

Die farao se dogter, die prinses, kom toe na die rivier toe om te bad. *(Sy kom nader, sien die mandjie, tel dit op en haal die baba uit.)* Skielik sien sy die mandjie tussen die riete en kry die babaseuntjie in die mandjie. Dit was Moses. Moses se sussie, Mirjam, het haar ma gaan roep om die prinses te help om die babatjie groot te maak. *(Die prinses wink vir Mirjam, praat met haar en dan loop Mirjam en gaan haal vir Jogebed.)* So het sy eie ma hom vir die eerste paar jaar van sy lewe grootgemaak.

Toe hy groter geword het, het sy hom teruggevat na die prinses en Moses het in die paleis grootgeword soos 'n prins. *(Almal loop weg en 'n volwasse Moses kom nader.)*

Eendag het Moses tussen die Israëliete rondgeloop. Een van die Egiptenare het op daardie oomblik 'n Israëlitiese man geslaan. *('n Slawedrywer slaan kamma 'n Israëliet terwyl Moses kyk.)* Moses het dit gesien. Hy het vinnig rondgekyk. Toe hy niemand anders sien nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom in die sand begrawe. *(Moses hardloop nader, slaan die Egiptenaar kamma en laat lê hom op die grond. Dan hardloop hy weg.)* Die farao het gehoor wat Moses gedoen het en wou hom straf. Moses het na 'n ander land toe gevlug. Daar het hy skape vir vreemde mense opgepas. Die prins het nou 'n skaapwagter geword! *(Hiervandaan vind geen toneelspel plaas nie – al die kinders luister net.)*

Eendag het hy diep in die woestyn ingetrek met sy skoonpa se diere. *(Ja, hy's intussen getroud met Sippora.)* Toe hy by die berg Horeb kom, sien hy skielik 'n snaakse verskynsel. Hy sien 'n doringbos wat brand, maar die bos brand nie uit nie. Hy het dit gesien en gedink: “Ek wonder hoekom die bos nie uitbrand nie. Laat ek 'n bietjie gaan kyk!”

Maar toe hy naby die bos kom, roep God na hom: “Moses! Moses!”

Moses sê: “Ja?”

En die Here sê: “Moenie nog nader kom nie! Trek jou sandale uit! Jy staan op 'n baie spesiale plek. Dit is Ek wat met jou praat. Ek is die God van jou Pa en jou Oupa.”

Moses het dadelik sy gesig toegemaak, want hy was bang hy kom iets oor as hy God sien. God het gesê dat Hy sien hoe swaar die Israëliete kry en dat Hy wil hê Moses moet die volk Israel uit Egipte gaan haal.

**Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:**

1. Ek wonder hoe het Moses gevoel toe God dit van hom vra.
2. Ek wonder watter soort verskonings Moses kon uitdink om nie te gaan nie.
3. Ek wonder hoe sal jy voel as God iets moeiliks van jou vra.
4. Ek wonder wat jy sou gedoen het as jy Moses was.
5. Ek wonder of God vir my en vir jou opdragte in die Bybel gee. (Voorbeelde van opdragte wat God vir ons gee, is ingesluit by die aktiwiteite.)





## WERSKAF

- ♦ Moses het God se stem gehoor. Trek 'n sirkel om al die ore in die prent en trek kruisies deur die diere wie se ore ons nie kan sien nie.
- ♦ Stel die boks met klere wat pas gebruik is tot die kinders se beskikking sodat hulle die klere kan aantrek en die storie weer uitspeel.
- ♦ Gee vir elke kind 'n droë takkie wat lyk soos 'n boompie. Bind om die stam van die tak 'n lint of papiertjie waarop staan: "Opdragte wat God vir my gee." Fotostateer die werksblad met vlammetjies op rooi, oranje en geel papier. Gee vir elke kind 'n paar "vlammetjies" om uit te knip, te lees en aan sy eie boompie vas te sit. Hierdie boompie word huis toe geneem.

Sluit af met die seënbede.

Hulpmiddel 1:





Moses moes leer om te luister. Trek 'n sirkel om al die ore wat jy in die prentjie kan sien. Trek 'n kruis deur die diere wie se ore jy nie kan sien nie.



